Daar het al weer vier maande verloop sedert ons vorige Oranjenuus van Mei 2018.

Oranjekas het intussen ’n besoek uit Tanzanië, vergesel van verteenwoordigers van die PA en departement van ekonomiese sake van die provinsie ontvang. (Die PA, Prudential Authority, vervang die voormalige beheerliggaam, die Co-operative Bank Development Agency.) Die rede vir die besoek was om te kom kyk hoe Oranjekas sake doen en verskeie komplimente is ontvang.

Algemene Jaarvergadering

Oranjekas se Algemene Jaarvergadering het in Julie 2018 plaasgevind en is deur 102 lede bygewoon. Dit is weereens ’n rekord aantal lede en het die kworum-vereistes van 29 lede ver oorskry. Daarna is op 8 September 2018 ’n Spesiale Ledevergadering gehou waar die geouditeerde state, na sekere bateverskuiwings in Oranjekas se state, goedgekeur is.

Die gebou waarin Oranjekas bedryf word is vanuit die filiaalmaatskappy, Fluoplex, oorgeplaas na Oranjekas. Dit bring Oranjekas se finansiële state meer in lyn met SARB vereistes en die pogings om Oranjekas as volwaardige Koöperatiewe bank te registreer word hiermee ondersteun.

Tydens die Algemene Jaarvergadering is lede ingelig oor die lae persentasie van oninvorderbare lenings teenoor die kommersiële banke se syfers. Oranjekas se leningsafskrywing is minder as 1.5% teenoor die groot banke wat wissel tussen 7% tot 15%.

Daar is tydens die AJV drie nuwe direkteure verkies. Hulle is Francois Coetzee, Corrie du Plessis en Dawie Smith. Francois Coetzee is ’n wiskunde en wetenskap onderwyser, Corrie du Plessis is die Hoof Uitvoerende Beampte van Volkshulp 2000 en Dawie Smith is die eienaar van ’n besigheid wat vervoerkontrakte uitvoer.

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

Ledetal



Die aantal aandeelhouers in Oranjekas is 1 060 en neem steeds toe. Daar is in die Oranjenuus van Mei 2018 verwys na jonger lede wat aansluit en dat die ledesamestelling steeds jonger word.

Die oorspronklike stigters-lede het grootliks uit ouer persone bestaan en hulle het natuurlik sedert 2009 byna tien jaar ouer geword.

Oranjekas spog met elf lede wat negentig jaar en ouer is. Mnr. FJ Snyman is die mees senior lid en is tans 97 jaar oud. Ons wil graag met hierdie nuusbrief ons beste wense aan ons negentigjariges oordra en hulle verseker dat ons besonder trots op hulle is.

Aandelekapitaal

'n Stewige aandelekapitaalbasis is 'n voorvereiste vir die registrasie as 'n volwaardige koöperatiewe bank. Ten einde hieraan te voldoen het verskeie lede verdere aandele opgeneem.



Oranjekas bied tans 'n spesiale produk aan sy lede om addisionele aandele op te neem, wat tesame met 'n gelyke beleggingsbedrag, besonder hoë rente-inkomste bied. Die belegging, bekend as die 50-50 belegging, kan vir 36 of 48 maande uitgeneem word.

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

Troefkaart

Die rentekoerse op kredietkaarte is gewoonlik besonder hoog. Oranjekas se Troefkaart kan lede help om van hierdie hoë rentelas ontslae te raak. Verskeie lede wat van die Troefkaart gehoor het, het hierdie geleentheid aangegryp en is besig om stelselmatig van die kredietkaartskuld ontslae te raak. Die besparing in rente help om dit te vergemaklik.

Verdere inligting kan by Oranjekas verkry word.

Lede se behoeftes

Benewens gewone bankdienste is daar ook ander produkte wat besonder gewild is onder Oranjekas se lede. Enkele van die produkte is die Studielenings, Kitslenings en Slimspaar. Die kinderspaar is besonder gewild en menige grootouer het so 'n spaarrekening vir hulle kleinkinders geopen.

Verskeie volkseie organisasies maak gebruik van Oranjekas se debietopdrag-invorderingstelsel vir die invordering van hulle lede se maandelikse ledebydraes.

Al hoe meer besighede maak gebruik van Oranjekas se "bedryfsrekening". Die rekening bied 'n vasgestelde fasiliteit waarin deposito's en uitbetaling gedoen kan word volgens die behoeftes van die bepaalde onderneming en kan met 'n tjekrekening vergelyk word.

Aandeelhouers van Oranjekas is ook die mede-aandeelhouers van Kasfin wat as korttermyn makelaars in lede se versekeringsbehoeftes voorsien. Daar word gereeld positiewe terugvoering ontvang van lede wat bygestaan is met versekeringseise.

Lede se terugvoering op Oranjekas se dienste word steeds waardeer want dit help om aan sy lede 'n beter diens te lewer.

Studielenings

Die einde van die jaar kom vinnig nader en voornemende studente moet begin beplan om die duur studiegeld bymekaar te kry. Die lening se terugbetaling is aantreklik vir studente en ouers

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

want tydens die studiejare word daar slegs rente betaal en die delging van kapitaal begin eers nadat die student afstudeer het en 'n vaste inkomste verkry het.

Verdere besonderhede kan bekom word van Oranjekas se personeel.

Dankie aan Aandeelhouers

Bestuur ontvang gereeld terugvoering van personeel oor hoe aangenaam dit is om aan ons lede finansiële dienste te voorsien. Lede wat nog nie besoek by Oranjekas afgelê het nie word vriendelik uitgenooi om dit te doen.

Bestuur is ook bereid om, as van ons lede belangstellendes byeenkry, hulle te gaan toespreek oor Oranjekas en die dienste wat aangebied word.

Gee my 'n bank wat bankvas staan
met wortels wat diep in ons bodem gaan;
'n bank wat ons heel oudste bankstatus hou,
'n bank wat 'n man in sy hart kan vertrou;
'n bank hier gebore-beginselvas,
'n bank wat 'n Boer se geaardheid pas;
gee my die staatmaker-bank,
hier geanker, gegrondves al honderd jaar lank;
die Bul onder die Banke-waarborgsterk in sy stand,
die baanbrekerbank in 'n baanbrekerland;
so eie aan ons soos die "Vrystaat"-kreet
as 'n Springbok sy drie oor die doellyn meet.

G A Watermeyer (1917-1972)

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186